# VONKK 188

## Die Here, Hy Is Jou Beskermer (Psalm 121)

**(SATB)**




*Voorleser: (Sonder begeleidingsakkoorde)*
Beangs kyk ek op na die berge rondom my.
Ek wonder: Wie sal my kan help?
**Keervers: (Kantory)**

*Voorleser:*
Wanneer versoekings en beproewings op jou pad kom, sal die Here jou bewaar:
Op gladde plekke sal jy nie gly nie, want Hy sal jou vashou.
Die Here sal altyd oor jou wag hou; Hy word nie moeg nie en Hy slaap nie.
**Keervers: (Kantory)**

*Voorleser:*
Geen krisis of siekte sal jou onderkry nie, want die Here bly in beheer:
Dramas en druktes van die dag sal jou nie onverhoeds vang nie,
bekommernisse en bedreigings van die nag sal jou nie oorweldig nie.
**Keervers: (Kantory)**

*Voorleser:*
Oral waar jy gaan, is die Here by jou, Hy sal jou beskerm:
As jy gaan werk of as jy by die huis is, as jy moet ry of as jy bly –
Hy sal jou help, Hy sal sorg. Hy beskerm jou oral: nou en vir altyd.
**Keervers: (Kantory)**

*Psalm 121*
Teks: Driekie Jankowitz 2011 *(Pro Deo – postuum)*
Melodie: VISRIVIER-AFGRONDE – Driekie Jankowitz 2011 *(Pro Deo – postuum)*
Orrelbegeleiding: Gerrit Jordaan 2012
Kantoryverwerking: Gerrit Jordaan 2012
© 2012 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)

**RUBRIEK: Kontemporêr – Geloof en Vertroue**

VONKK